


Die onafhanklikheid van die Balie

C Botha SC, Pretoria-Balie



Onafhanklike Balie noodsaaklik

Die immer voortslepende debat oor die struktuur van die regsberoep het nou die wending geneem dat die afsonderlike bestaan van die advokaatuur nie meer in geskil geplaas word nie; net sy uitsluitlike reg op verskyning in die Hooggeregshof. Daar is nou algemene erkenning van die noodsaaklikheid van 'n sterk onafhanklike Balie. Die erkenning spruit uit 'n besef dat dit in die openbare belang is dat daar 'n breë groep ongebonde praktisyne moet wees waaruit landsburgers kan kies as hulle mekaar of selfs die Staatsgesag in die howe wil aandurf. Waar die Balie ook die voedingsbron van die regbank is, kan 'n mens eintlik sê dat die onafhanklikheid van die regbank sy oorsprong in die onafhanklikheid van die Balie het.

Wat is hierdie onafhanklikheid wat amper al net 'n holle slagkreet geword het?

Die onafhanklikheid van die Balie manifesteer hom in verskeie aspekte van die organisasie en etiek van die beroep.

Toelating word beheer

Toelating tot die beroep word beheer deur die Wet op Toelating van Advokate, 74 van 1964. Die Wet stel hoofsaaklik opvoedkundige vereistes en laat dit origens aan die hof oor om te bepaal of 'n persoon 'n geskikte en gepaste persoon is om as advokaat toegelaat te word.

'n Wetteregtelike beperking wat wel die vrye toegang tot die profesie aan bande lê, is die bepaling in die Wet op Binnelandse Veiligheid, 74 van 1982, dat gelyste persone en persone wat sekere misdrywe van 'n politieke aard gepleeg het, nie as advokate mag praktiseer nie. Getalgsig is die uitsluiting deur die beperking veroorsaak miskien gering. Dit wys egter dat die advokaatsberoep nie immuun is teen owerheidsinmenging nie.

Senior status

Die feit dat die verlening van senior status aan advokate by die Staatspresident berus, is ook 'n aanduiding dat die outonomie van die Balie nie onbeperk is nie. In die praktyk word aansoeke om senior status egter via die voorsitters van Balies aan die Minister van Justisie voorgelê sodat dit die profesie is wat in eerste, indien nie in laaste instansie nie, besluit oor die geskiktheid van applikante.

Struktuur van advokaatuur

Die struktuur van die advokaatuur word hoegenaamd nie deur wetgewing gereël nie. Hier verskil die Balie van die prokureursordes en van ander georganiseerde profesies.

Ofskoon enige toegelate advokaat vryelik kan praktiseer, behoort feitlik alle praktiserende advokate tot 'n vereniging van advokate wat gesetel is in die sentrum van 'n provinsiale of plaaslike afdeling van die Hooggeregshof. Die verskillende Balies het as vrywillige verenigings tot stand gekom en is in 1946 op federale basis in die Algemene Balieraad van Suid-Afrika saamgesnoer. Wat struktuur en organisasie betref, kan dan waarlik gesê word dat die advokaatsberoep outonoom en vry van regulering is.

Die wetgewer erken die bevoegdheid van die georganiseerde profesie

in die gedaante van die verkose Balierade en die Algemene Balieraad om die howe te nader om dissiplinêre stappe te doen teen advokate wat onprofessioneel optree. Hierdie bevoegdheid bestaan ook met betrekking tot advokate wat nie lede van georganiseerde Balies is nie. Ook die howe erken die bevoegdheid van die Balies om etiese norme te formuleer wat bindend is nie net vir hulle lede nie maar ook vir advokate in die algemeen.

Pupilskap

Waar die praktyk van advokaat in beginsel oopstaan vir enige toegelate advokaat, het die Balies egter in die vorm van pupilskap en 'n verpligte eksamen 'n hoër vereiste vir toelating gestel as dié deur die Wet neergelê. Dit is 'n voorbeeld van hoe die beroep op 'n outonome wyse sy eie sake reël.

Funksionering van advokaat

Oor die algemeen gesien, funksioneer 'n advokaat binne die raamwerk van sy verhoudinge teenoor sy kollegas, die hof, sy kliënte en die prokureursberoep. Die verhoudinge is dikwels in wisselwerking met mekaar en soms in direkte botsing.

Die verband waarbinne advokate praktiseer, is uniek as 'n mens hulle met ander profesies vergelyk. Opvallend is die feit dat hulle saamgroepeer is, waar moontlik selfs in een gebou. Dit is iets wat nie by ander profesies voorkom nie. Sikerlik bevorder so 'n huishoudelike opset kameraderie en dit lei tot die aankweek van gewoontes en tradisies wat die advokaat vir die buitestaander as 'n groepsweise kan laat voorkom. Dié indruk is egter misleidend want die Balie is op die suiwerste vorm van individualisme gebou. By al hulle kollegialiteit en wedersydse hulpvaardigheid bly advokate altyd met mekaar in kompetisie. In dié mate is dit so dat dit 'n grondreël

van die Balie is dat advokate nie vennootskappe mag aangaan nie en nie gelde mag deel nie.

Verbod op vennootskappe

Die verbod op vennootskappe is 'n opvallende verskil *vis-à-vis* die prokureursberoep. Die verpligte individuele praktyk mag minder finansiële beroepsakeurheid bied, maar dit bevorder individualisme. Vir die litigant het dit die voordeel dat alle advokate vir hom beskikbaar is behalwe die advokaat van die teenparty. 'n Advokaat mag ook nie sy werk deleger nie. Die saak word aan hom as persoon toevertrou en hy alleen dra die verantwoordelikheid. Om te verseker dat 'n advokaat sy werk onbevangte verrig, geniet hy immunititeit vir geval sy advies verkeerd mag blyk te wees.

Vry en onbevangte

Die veronderstelling is dat die advokaat sy advies vry en onbevangte moet kan gee sonder dat hy aan enigiemand gebonde is behalwe aan sy kliënt van saak tot saak. Daarom mag advokate ook geen gesalarieerde betrekkinge beklee nie. Dit staan hulle ook nie vry om besturende direkteure van maatskappye te wees nie. Dit is egter wel vir 'n advokaat toelaatbaar om 'n gewone direkteurspos of 'n deelydse lektoraat te aanvaar.

Aangesien 'n advokaat se praktyk so hoogs gepersonaliseerd is, bou 'n advokaat geen werfkrag op wat hy by sy uitrede kan verkoop of oordra nie.

Verhouding tot regbank

Die advokaat staan as beampete van die hof in 'n besondere verhouding tot die regbank. Hy is teenoor die hof gebonde tot eerlikheid en openhartigheid. Soos die prokureurs, maar anders as die staatsaanklaer, figureer hy nêrens in die hiërargiese struktuur van die hof nie. Sy plig teenoor die hof om eerlik en openhartig te wees word egter daardeur gekwalifiseer dat hy die bewaarder van sy kliënt se vertroue is en dat hy nie vertroulike inligting hoef te openbaar nie. Solank hy geen misleiding pleeg nie mag hy die gebreke van sy opponente se saak uitbuit.

By alle verskuldigde eerbied teenoor die hof word van die advokaat verwag om ook teenoor die hof vreesloos op te tree ongeag enige onaangename gevolge wat dit vir

hom kan inhou.

Verhouding tot kliënt

Juridies gesien, is die advokaat sy kliënt se opdragnemer. Nogtans word hy nie daardeur 'n instrument in sy kliënt se hande nie. Nog minder mag sy kliënt hom as 'n welsprekende mondstuk gebruik om onbehoorlike aantygings of voorstellings te maak. Die advokaat mag alleen opdragte van sy kliënt uitvoer wat geoorloof is en hy mag alleen aantygings namens hom maak wat tersaaklik en op getuienis gebaseer is. Wanneer 'n advokaat in 'n saak opdrag ontvang, is hy in beheer van die saak. Hy neem die taktiese besluite in die saak en sy kliënt is daaraan gebonde.

Uiteraard is dit 'n advokaat se plig om ingrypende besluite met sy kliënt te bespreek. As daar 'n meningsverskil is, sal die kliënt se opdrag natuurlik die deurslag gee. As die advokaat egter nie die kliënt se opdrag wil uitvoer nie, hetsy omdat dit ongeoorloof is, hetsy omdat hy dit as verkeerd beskou, moet hy hom aan die saak onttrek. Die advokaat word dus nie met sy kliënt gelykgestel nie, maar bly onafhanklik van hom vir sover hy as kundige in beheer van die saak is en vir sover hy 'n hoëre trou aan die hof verskuldig is. Dieselfde geld natuurlik ook vir die prokureur. Tog staan 'n advokaat meer verwyderd van sy kliënt as die prokureur. Prakties gesproke kry die advokaat sy opdrag *via* die prokureur. Gewoonlik het hy nie die persoonlike en langdurige verhouding wat die prokureur dikwels met sy kliënte het nie. Verder kom hy dikwels op die toneel wanneer die prokureur reeds 'n voorlopige mening oor die saak gevorm het. Dit alles verleen aan die advokaat 'n afstand teenoor die kliënt wat dikwels vir die kliënt en vir die prokureur van groot waarde is.

Opdrag alleen *via* prokureur

Die advokaat mag 'n opdrag nie direk van 'n kliënt ontvang nie, maar alleen deur die tussenkoms van 'n prokureur. In dié opsig is die advokaat dus geheel en al van die prokureur afhanklik. Die medewerking van 'n prokureur maak dit egter vir die advokaat moontlik om hom toe te lê op dit wat eintlik sy funksie is, naamlik die gee van regsadvies, pleitbesorging en gedingvoering. Wat dit betref, is dit belangrik om daarop te let dat die prokureur nie 'n onnodige deurgang na die advokaat is nie. In 'n heel eenvoudige saak kan dit so voorkom. In wese is die verskil tus-

sen die prokureur en die advokaat funksioneel. Waar 'n advokaat in 'n saak aangestel is, behartig die prokureur 'n menigte take waarvoor hy met sy infrastruktuur beter toegerus is. Mens dink hier aan die verkryging van getuies, die reproduksie en betekening van stukke, blootlegging, ens.

Advokaatsgelde

Verder word die advokaat verlos van finansiële onsekerheid deurdat hy sy gelde op die prokureur verhaal.

Wat sy gelde betref, geniet die advokaat 'n vryheid wat enig is in die professionele wêreld. Hy is aan geen tarief onderworpe nie en ofskoon hy eties verplig is om redelike gelde te vra, is dit sy eie professionele liggaam wat in laaste instansie moet bepaal of dit redelik was al dan nie. Hierdie vryheid van die beroep word tans egter bevreemte.

Samevatting

Dit sou 'n oordrywing wees om te beweer dat die advokaatsberoep absoluut onafhanklik is. Die outonomie wat die Balie geniet is hoogstens relatief, maar dit is iets waarop die Balie 'n hoë premie plaas en wat ander professies hom beny. Die Balie is daarvan bewus dat die vryheid wat hy geniet 'n verantwoordelikheid meebring en dat hy nie meer vryheid kan geniet as wat die samelewing sal toelaat nie. Toe die Mededingingsraad beperkende praktyke in die professies ondersoek het, het die Balie sy reëls ten aansien van die verpligte gebruik van twee advokate en minimumgelde aangepas om dit aanneemliker te maak.

Slotson

Waar die onafhanklikheid van die Balie as iets kosbaars voorgehou word, word daar nie geïmpliseer dat die ander vertakking van die beroep (dié van prokureurs) nie in staat is om ook op 'n onafhanklike wyse die belange van sy kliënte te bevorder nie. Die argument is alleen dat die Balie met sy funksie en sy organisasie 'n besondere ruimte skep vir die beoefening van sekere vaardighede waarsonder ons regspleging armer sou wees. Dit is om so 'n bron van talent beskikbaar te hou dat dit in die openbare belang is om aan die advokate die reg te gee om hulle eie sake te reël. ■